# Marks, Dickman laat Roots in die Mark lewe

ROOTS AND SHOOTS — deur die Elastic Head Band — Boonste-teater.

Met die Elastic Head Band se vorige optredes het een van die lede elke keer uit die stryd getree as die ster van die vertoning. Hierdie keer is dit weer die geval met Mike Dickman. Maar tog moet daar verder gegaan word en moet David Marks saam met hom uitgesonder word.

Die twee kêrels alleen kon maklik die hele aand se program suksesvol aanbied. Dit is ook hulle wat lewe aan die vertoning gegee het.

Ten spyte van die goeie musiek wat gelewer word, moet die groep as geheel gekritiseer word vir die feit dat dit voorkom asof lewenslus totaal ontbreek. Kommunikasie met die gehoor is tot die minimum beperk en hoofsaaklik kom dit maar net van bogenoemde twee kunstenaars af. Al is dit net dat hulle aankondig watter liedjies hulle aanbied, sal dit al klaar help. Ook sal hulle hard moet werk aan die harmoniëring. Dit laat veel te wense oor. Te veel individuele stemme staan uit en die geheel wat daar moet wees, word nie bereik nie.

Maar die kritiek kan tog opsy gestoot word sodat die musiek met oop gemoed geniet kan word. Daar is iets van alles; rock, country, blues en selfs 'n tikseltjie jazz. Alles is oorspronklike materiaal van die kunstenaars met verrassings soos die ou gunstelinge, Clear, Cool Calm and Still en Master Jack.

**Jakkie Groenewald**

# *Met dié klank ‚voel' jy Superman vlieg*

DIE suksesvolle rolprent *Superman* word nou in die Ster 1000-teater vertoon. Die groot ...mm en 6 baan... ...l maak...

prent, wat terselfdertyd hier en in Amerika geskied het, die aanvraag vir afdruk...

met die avonture van Superman en mens sien ...